**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 12 NOVEMBER 2023**

**VIER EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD**

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Studentebearbeiding***


## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Matteus 25:14-30; Rigters 4:1-7;**
**Psalm 123; 1 Tessalonisense 5:1-11**

| **SONDAG, 12 NOVEMBER** |
|---|
| 09:00 Oggenddiens – ds Hannes Burger<br>Belydenisaflegging<br>Deuroffer ten bate van: Studentebearbeiding<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman<br>09:00 Kinderkerk<br>09:00 Kleuterkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 13 NOVEMBER** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 14 NOVEMBER** |
| **GEEN** Senior Burger Bybelstudie; agv ds Hannes se persoonlike omstandighede |
| **WOENSDAG, 15 NOVEMBER** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>19:00 Kerkraad Beplanningsvergadering - Kerksaal<br><br>Kommissie verslae inhandig by kerkkantoor |
| **DONDERDAG, 16 NOVEMBER** |
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors<br><br>Sopbeurte: Paula Bester, Elmaré Burger, Elba Fourie, Christa Smit,<br>Louis / Esther van Eeden, Erica van der Westhuizen, Marina Summers |

| VRYDAG, 17 NOVEMBER | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 18 NOVEMBER** | |
| | |
| **SONDAG, 19 NOVEMBER** | |
| | VYF EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>BIDDAG VIR BESKERMINGSDIENSTE |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: VCSV<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger |
| 09:00 | Kinderkerk |
| 09:00 | Kleuterkerk |
| | • **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| 19:00 | AANDNAGMAAL |

# GEMEENTENUUS



1. Neville Du Raan (Trawal Singel) ondergaan die komende week 'n rugoperasie.
2. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Phillip en Deidre Obermeyer vanaf Digtebij
3. Baie geluk aan Haylie Janse van Rensburg wat verkies is tot Westcliff Skool se Raad van Leerders 2024, asook vir die ontvang van verskeie Akademiese en Sport toekennings.
4. Wessel Fourie (Brackenfell) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
5. Elza Cloete (Andanté) se rugoperasie was suksesvol. Sy sterk aan.
6. Japie du Plooy (Waterbessiestraat) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
7. Amanda Engelbrecht (Paul Krugerstraat) se pa, Dané Wethmar (Rozendalstraat) se oupa, is oorlede.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 22 November 2023 om 19:00. Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen 15 November 2023.
2. Ds Chris is naweek af.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



12/11 Maggie Visagie(86), Hanlie du Plessis, Janru Orlandini
13/11 Martel Coetzee, Chris van Niekerk, Susan Dietrichs
14/11 Oden Scott
15/11 Marilie Tiller, Laurette Brink, Kobus Nel, Alex Abrahams(89),
Carien van der Merwe, Deon Lambert, Christie Wilders, Bianca Vosloo
16/11 Karlien Vermaak, Adélia Rossouw, Daniël Brink,
Ilse Rabie, Elmari Schwenke-van der Walt, Elizmarié Saayman
17/11 Desiré van Wyk, Altus Geyer
18/11 André Huysamer, Anneen Serfontein(95)

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Studentebearbeiding**

Studentebearbeiding fokus op die ondersteuning van die bediening aan studente in Stellenbosch, Tygerberg en Wellington, asook die post-matriek fees. Navorsing word ook gedoen oor die veranderende aard van die bediening aan studente en jong volwassenes. Die "Kerk van die Toekoms" netwerk help gemeentes om vars ruimtes te skep waar jong volwassenes hulle geloof kan beoefen.

*Me Maryke Fourie | 021 808 9050 | jeug@sun.ac.za*
*Webwerf: www.dinkjeug.co.za | Kerk van die Toekoms op YouTube*

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.



Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# KERSLIEDERE SAAM MET AMIRA

Kersliedere saam met Amira Willighagen

Sondagoggend 26 November 2023
Tyd: 09:00
Plek: De Eike

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Met die oog op Desembermaand, vra Die Kosmandjie graag nou al jou ondersteuning. Lidmate van 1 jaar oud tot tagtig jaar oud, het jou hulp *regtig baie nodig* en die spens is taamlik leeg.

Langlewemelk (elke liter help!)
Tamaties (in ‘n blikkie! - enige soort)
Mielies, ertjies, bone, gemengde groente
Mieliemeel (pap)
*Bully beef*

Grondboontjiebotter
Suiker
Kookolie (750ml)
Soppoeiers
Tuna

Bring gerus ook enigiets wat die vakansietyd sal opvrolik, soos jellie, kondensmelk, vrugte of vla.
*DANKIE* aan jou wat reeds so positief reageer het! Jou hulp is ‘n getuienis.

Mandjie-groete

# KLERE EN VERE

Pak jy nou kaste reg op soek na somersklere? Bring asseblief vir ons alles wat jy nie langer kan of wil gebruik nie. Klere, skoene, linne, komberse **én kombuisware** - enigiets is welkom!

Ontvangers hierdie week -
**VGK Koelenhof**, wat ook 'n klompie nuwe Bybels vir hul katkisante kon saamneem;
**Helpende Hand**
**Nuwerus**, wat ook lappies en gare ontvang vir projekte waarmee hulle besig is.

Groetnis
2 Vere

# KERSGESKENKE VIR VGK KOELENHOF KINDERS

Baie dankie aan al die lidmate wat kaartjies geneem het om geskenke vir die kinders te koop.

Geskenke moet asb teen 17 November 2023 by die kerkkantoor wees.

# JAN KRIELSKOOL

Die Jan Kriel Instituut, ten bate van Jan Kriel Skool leerders, bied elke jaar hulle Liggieboom geleentheid aand. Sluit by ons aan vir 'n familie-vriendelike aand wat optredes van beide die kinders en Desmond Wells insluit asook 'n danksegginsdiens om die jaar af te sluit. Hekke en kosstalletjie open om 17h30 en die program begin 19h00. Die hoogtepunt van die aand is die aanskakel van die Liggieboom, wat elke jaar spog met meer as 10 000 geborgde liggies!

Kom kuier saam en maak 'n verskil- GEE 'N KIND 'N KANS! Vir Jan Kriel ondersteuners wat hulself nie in die Kaap bevind op **25 November 2023** nie, is dit 'n gulde geleentheid om 'n bydrae te maak deur 'n liggie of meer te borg. Selfs een liggie maak 'n onmeetbare verskil in 'n leerder se lewe.

Besonderhede by www.liggieboom.co.za of kontak events@jankriel.co.za vir verdere inligting.

# AKSIE SAMARITAAN

Kersfees Projek

Die sopkombuis sluit vanaf 17 Desember 2023 tot 8 Januarie 2024. Op 17 Desember het ons die Kersfees afsluiting waar ons kospakkies en 'n bederfie uitdeel saam met 'n ete. Die kospakkies moet ons kliënte help deur die 3 weke wat ons gesluit is. Ons gee ook geskenkies vir die kinders. Om dit alles moontlik te maak kort ons die volgende:

Algemeen:

Kontant bydraes vir kospakkies

| | |
|---|---|
| 200 Hoender boudjies/dytjies | 200 Botteltjies koeldrank |
| 200 Sjokolade stafies | 10 Pakke skroefnoedels |
| 5 Potte "Nola" Mayonnaise | |
| 200 Waslappe | 200 Koekies seep |
| 200 Buisies tandepaste | 200 Tandeborsels |
| 80 Blikkies mans deodorant | 80 Blikkies dames deodorant |

Kinders:

| | |
|---|---|
| 40 Skool rugsakke | 40 Skool skryfbehoeftes stelletjies |
| Kontant bydraes vir geskenkies | |

Kontak vir Jakkie by 082 453 3862 indien jy enige bydrae kan maak of bankbesonderhede benodig.

Mag God jou ryklik seen!

# AANDNAGMAAL

Ons nooi graag al ons lidmate uit na ons jaarlikse aandnagmaal volgende Sondag 19 November 2023 om 19:00 in die kerksaal.

Tydens die geleentheid gaan die bariton Van Wyk Venter ook optree met ons orrelis, Ilse Myburgh as pianis.

# PREEKSKETS

## TEMA – DIE VERSTANDIGE EN DWASE MEISIES



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Matteus 25: 1-13

Trou is nie perdekoop nie!
- ‘n Trouery is ‘n gróót en duur organisasie!
- Maar dis nog niks teen wat dit in Jesus se dae was nie!
- Dis heel verstaanbaar dat die bruidsmeisies onkant gevang is...
- Maar in daardie tyd totaal onaanvaarbaar!

1. **Die gelykenis van die 10 meisies**
   - Wakker word is ‘n tema wat ons oor en oor in die Nuwe Testament kry.
   - Omtrent 1/3 van Jesus se 29 gelykenisse gaan daaroor!
   - Waarvan hierdie een dalk die bekendste is.
   - Maar troues was anders in daardie dae. Dit was die *bruidegom* se groot dag!
   - En so mis helfde van die bruidsmeisies die troue...

2. **Groot lesse oor die wederkoms**
   - Jy het dalk simpatie met die arme meisies!
   - Maar eintlik wil Jesus ons oor die wederkoms leer:

   2.1. *Die Bruidegom kom beslis weer.*
   2.2. *Niemand weet wanneer die Bruidegom kom nie.*
   2.3. *Nie almal (selfs in die kerk!) gaan gereed wees daarvoor nie*
   *2.4. Ons sal nie daardie dag vir mekaar kan instaan nie.*

3. **Daarom is dit nóú die tyd om wakker te word!**